

## **Sing vooraf: Psalm 149:1 (p. 715)**

- 1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunstelingel!  
Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 147:1 (p. 704)

- 1 Laat voor die HEER 'n lofsang rys! / Hoe goed is dit om God te prys!  
Hoe lieflik om die lof te sing, / die lof wat ons aan Hom moet bring!  
Want Hy wil ons in guns aanskou, / Hy wil Jerusalem herbou  
en Isr'el wat verstrooid nog swerf, / versamel op die heil'ge erf.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

*Na die wet sing ons Psalm 144:6 (p. 693).*

Wet

Psalm 144:6 (p. 693)

- 4 Welsalig – dus hef ek my slotsang aan – welsalig is die volk wie 't so mag gaan!  
Welsalig hul wat by die groot genot / van volle heil, die HEER het tot hul God!

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

Psalm 146:1 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!  
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof  
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.

Skriflesing: Psalm 69

Teks: Psalm 69:22

**(69:22) En hulle het aan my gal gegee as my spys, en vir my dors het hulle my asyn laat drink. (Psalms 69:21 AFR1953)**

Die woorde laat ons die Here Jesus aan die kruis sien – die oomblik toe die soldate die gal en asyn op die spons gegee het nadat Hy gesê het dat Hy dors is.

- Hierdie woorde was profeties van die lyding van die Messias in die oomblikke toe Hy die versoening aan die kruis volbring het.

Hierdie woorde het natuurlik 'n dubbele betekenis: Dit het nie net profeties na Jesus toe gewys nie.

Eerste teken dit Dawid in sy eie geloofsyding. Wat het Dawid met hierdie woorde bedoel toe hy dit gedig het?

Dawid was baie ywerig vir die Here.

- Maar dit het nie by al die mense goed afgegaan nie.
- Daar was mense rondom hom wat sy liefde vir die Here nie kon verdra nie.
  - Daarom het hulle sover as wat dit in hulle vermoë was, probeer om Dawid kwaad aan te doen.
  - As dit in hulle vermoë was om Dawid skade en hartseer aan te doen, het hulle dit gedoen. Dit is duidelik dat Dawid baie wroeging moes verduur.
  - Hulle het hom ook gespot.

Dit was asof die Satan met sy volle mag oor die man losgetrek het.

- Vers 5 beskryf hoe hy dinge moes teruggee wat hy nie gesteel het nie.
- Met ander woorde hy is valslik van diefstal beskuldig, en dan het mense hom besteel op grond daarvan dat dit kwansuis nie aan hom sou behoort nie.
- Vers 13 verhaal hoe die dronklappe wat in die stadspoort leeggelê het, met smaad die lelikste skinderstories oor hom vertel het.

Daar was iemand wat hierdie skinderstories oor Dawid se ongeregtighede so werklik aangebied het dat selfs Dawid se familie hom verlaat het.

- Hulle het later ook nie meer geweet wat reg en wat verkeerd is nie.
- So bou die saak van sy ellendes op totdat hy in vers 21 sê dat daar niemand meer is wat enige simpatie met hom het nie – hy staan heeltemal alleen.
- In vers 22 word daar selfs 'n aanslag op sy lewe gemaak as hy nie meer kos kry nie: Hy mag gal eet en asyn drink.

Op hierdie punt profeteer die psalm van die Here Jesus.

- Dit word 'n profesie wat meer word as Dawid se persoonlike omstandighede.
- Sy lewe word 'n voorspel van die Koning van God wanneer Hy ook gal gaan kry om te drink wanneer Hy ons sondestraf dra!

Toe Dawid skryf dat hy gal gekry het vir kos, en asyn om sy dors te les, het hy dus met dié woorde geprofeteer van die Here Jesus Christus.

- Daarmee val al die ander dinge ook in hulle plek, want in Jesus Christus se lewe het die Satan en sy leuens en ongeregtigheid hulle volle sterkte bereik.

Die Here Jesus is mettertyd deur almal verstoot, totdat Hy die aand met die gevangene alleen was.

- Selfs die dissipels het gevlug.
- Toe Hy dors was aan die kruis het Hy asyn gedrink wat met gal gemeng was en gesê: "Dit is volbring."
- Hierdie profesie in Psalm 69 is toe vervul.

Daar is nog meer elemente van Psalm 69 wat aan die kruis volbring is.

- Dawid skryf byvoorbeeld dat die terneerdrukkende van sy toestand is dat dit mense is wat hierdie lyding oor hom bring.
- Hy self weet dat hy voor God regverdig is.
- Hy weet ook dat hy nie voor die waarheid buig nie, maar voor die leuen.
- Hy weet ook dat in die smarte wat die leuen oor hom bewerk, die geregtigheid van God voltrek word.

Ons hoor hierin woord vir woord die gebeure rondom die kruisiging van die Here Jesus Christus.

- Hy is onskuldig, maar die haat van mense neem Hom kruit toe: “Kruisig Hom, kruisig Hom . . .”
- Laat sy bloed op ons en op ons kinders wees.
- Maar daarin word die geregtigheid van God ’n werklikheid gemaak omdat deur hierdie kruisdood daar vir die gelowiges verlossing kom.

Daarom bid Jesus:

**Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.**

(Lukas 23:34 AFR1953)

- Hy sterf soos ’n onregverdige, al is Hy regverdig.
- Met hierdie dood van Hom dra Hy die straf oor al ons onregverdigheid.

Aan die kruis het die Here Jesus sy alleenheid uitgeroep toe Hy geroep het dat God Hom verlaat het.

- In vers 18 kry ons profeties iets daarvan terug in die woorde van Dawid waar hy skryf dat die Here tog nie sy aangesig vir hom moet verberg nie, want hy is benoud.
- Hy bid ook vir spoedige verhooring.
- So profeteer die Psalm die Here Jesus Christus in sy sterwensomblikke – benoud en biddend tot God.

Wat van ons? Hierdie vers teken ons ook in die benoudheid van ons sondes.

- Ons besef dat ons die dood met ons saamdra.
- Ons bid vir verhooring.
- Ons bid vir verlossing van die dood.

Dawid bid ook in vers 14:

(69:14) **Maar ek—my gebed is tot U, o HERE: in die tyd van genade, o God, verhoor my deur die grootheid van u goedertierenheid, deur die trou van u heil!**  
(Psalms 69:13 AFR1953)

*Hy het aangehou bid. Hy behou die geloof dat God die uitredding sal gee.*

As hierdie vers nie in Jesus Christus vervul is nie, sou ons nooit die moontlikheid gehad het op genade nie.

- Die Here Jesus Christus het ook gebid dat, as dit moontlik is, die beker by Hom moet verbygaan.
- Hy bid ook dat die wil van God moet geskied.
- Die laaste oomblikke gee Hy sy Gees oor in die hande van sy Vader.
- Dis die gebedsvertroue dat die Vader versorg en voorsien.

Net so bid ons in ons stryd.

- Ons smeek die Here om ons te dra deur die tye wat ons hartseer en wroeging verduur.
- Ons smeek die Here vir krag en vir genade vir die dag wanneer ons die dood in die oë moet kyk.
- Ons bid vir die voortdurende nabyheid en beskerming van die Here.

Daarom vier ons vandag Nagmaal.

- Die Here Jesus Christus het om ons ontwil al die toorn van God teen ons sondes gedra.
- Hy het die smaad van die mense (gelowiges en ongelowiges verduur) totdat Hy dood is, sodat Hy hiermee vir ons verlossing bewerk het.
- Ter wille van die “vyand” – soos Dawid dit noem – het Jesus Christus gesterf en gely sodat ons deur God vrygespreek en verlos kan word.

Kom Nagmaal toe met groot sorg en eerlikheid, want daar staan in Psalm 69 dat die tafel vir die sorgeloses ’n strik word:

- Die vyande van die Here word geestelik blind.
- Daar word skuld by hulle skuld gevoeg sodat hulle nooit in die geregtigheid kan deel nie.
- Uiteindelik verdelg God hulle omdat hulle name nie in die Boek van die Lewe staan nie.

U almal wat vandag begeer dat die Here weereens sy genade aan u moet bevestig, kom vier Nagmaal.

- Almal wat smaad verduur omdat hulle die Here dien, kom sit aan die tafel.
- Almal wat getuig dat hulle nog sondes het, maar dat hulle werklik teen hulle sondes stry om dit te oorwin, kom Nagmaal toe, sodat die Here u krag weer vernuut en u sterk maak om aan te hou stry teen die sondes.

## **Amen.**

### Gebed

Psalm 150: 1 (p. 719)

- 1 Loof God, loof sy Naam alom! / Loof Hom in sy heiligdom!  
 Loof die HEER se grote mag / in die hemel van sy krag!  
 Loof Hom om sy moëdhede, / om die menigvuldigheid  
 van sy mag en majesteit, voor sy troon en hier benede.

### Formulier

Psalm 68: 8, 9 (p. 333)

- 8 Gods eng'lemagte bo die swerk / het, tien en tien maal duisend sterk, / slagvaardig uitgesewe;  
 by hulle is sy majesteit / 'n Sinaï in heiligheid, / deur bliksemlik omgewe.  
 U het omhoog gevaar vol eer; / die kerker was u buit, o HEER, / en gawes u beloning  
 wat neerdaal op die mensekind; / selfs wie opstandig is, dié vind / by U, o HEER, 'n woning.
- 9 Geloofd sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.  
 Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?  
 Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.  
 Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewe.

### Af tafel toe:

Tydens Nagmaal: Psalm 116 (p. 569)  
 Psalm 118 (p. 575)

### Slotgebed

Slotpsalm 148:1, 5 (p. 711)

- 1 Loof uit die heemle, loof die HEER! / Loof in die hoogtes, sing sy eer!  
 Loof, heil'ge eng'le, om sy troon, / die God wat in die hoogte woon!  
 Loof almal saam, o leërmagte, / wat Hom omring as troue wagte!  
 Loof, blink gesternte, maan en son: / Hy is van alle lig die bron.

5 Laat almal saam die HERE prys: / sy Naam alleen het hoog gerys;  
oor aarde en hemel, ver en wyd, / sien ons sy glans en majesteit.  
Hy wou die horing vol vermoë, / die glorie van sy volk verhoë:  
Sing dan, o volk, met hoog geskal / die lofsang van die groot heelal!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 24 Augustus 2008

### **Opsomming**

Toe Dawid skryf dat hy gal gekry het vir kos, en asyn om sy dors te les, het hy dus met dié woorde geprofeteer van die Here Jesus Christus.

Toe Hy dors was aan die kruis het Hy asyn gedrink wat met gal gemeng was en gesê: "Dit is volbring."

Die profesie in Psalm 69 is toe vervul.